## IN MEMORIAM

### PROF. DR. I. J. VAN H. FOURIE

*Wie prof. Izak Fourie in lewe geken het, sal besef watter groot verlies die Universiteit en gemeenskap van Potchefstroom met sy dood gely het. Sy belangstelling het oor soveel terreine gestrek en sy aandeel daaraan so energiek en met toewyding, dat dit haas ondenkbaar is dat hierdie bydrae in die toekoms ontbeer sal moet word.*

*In huislike, maatskaplike en akademiese kring sal sy gedagtenis egter voortleef en as inspirasie dien. Sy lewe spreek van idealisme en ambisie, geseën met 'n helder verstand en gewillig om hard te werk, het hy hoogtepunte bereik wat tot sieraad van sy gesin en die Afrikaanse gemeenskap strek.*

*Aan sy weduwee, kinders, familie en vriende bied „Koers" opregte meelewing van die smart.*

*W. N. Coetzee.*